**Saterdag 14 Julie**

| **Skrifgedeelte: Psalm 139 (1933/53-vertaling)** | **Fokusgedeelte: Psalm 139; Heidelbergse Kategismus Sondag 37:102** |
| --- | --- |

# Om ’n eed te sweer, is om Psalm 139 te sing!

In :1-6 openbaar God sy alwetendheid. God ken jou hart, jou gedagtes. Hy het kennis van al jou sake. Hy omsluit jou ganse lewe en jou ganse leeftyd met sy alwetendheid.

In :7-12 openbaar God sy alomteenwoordigheid. Die alomteenwoordige God hou my vas in sy hand. Met sy hand in my lewe bring Hy my onder die regering van sy Gees en op die terrein van sy wil en voorsienigheid.

In :13-18 openbaar God sy almagtigheid. Hy, die almagtige Skepper, is ook my Skep-per. Hy het my in sy ewige raadsplan opgeskrywe in die boek van die lewe.

Hy wat my gemaak het, ken my, lei my, bewaar my en is altyd by my. Ware gelowiges kan boekdele skryf oor hulle geloofskennis van God se werklikheid in hulle lewe.

Tereg dat Dawid in :19-22 ’n heilige weersin uitspreek teen hulle wat sy Naam ydellik gebruik (:20). Diegene wat by heiliges of skepsele ’n eed sweer, dig hierdie deugde van God wat in die Psalm geopenbaar word, toe aan iets wat nie-God is. Ook hierdie vorm van oortreding van die derde gebod vertoorn God en verdien ons aktiewe afkeur.

Die alwetende, alomteenwoordige, almagtige God is die enigste Kenner van die hart, ook van my hart (:23-24). Hou rekening met sy eer wanneer jy in nood of in die hof ver-keer.

*Sing: Psalm 139-1:12*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Heidelberg)*